OLIVIER CUSTOS, Nov. 1991 vol. 20 no. 8



# Renosters!

Tydens ons laaste besoek aan die Nasionale Krugerwildtuin het ons soveel renosters teëgekom dat ons dit graag met die lesers wil deel.

Gedurende 'n besoek van ses dae het ons 26 renosters gesien. Tussen Krokodilbrug en Skukuza was daar 12 witrenosters en een swartrenoster in die Sabierivier terwyl ons op pad was na Skukuza. Ons het op die H4-2, S82 en H4-1 gery, en om 13 renosters in 35 minute te sien, was werklik meer as wat ons ooit kon verwag het.

Op die Nwatimhiri-pad teenoor die Siyalokoppies het ons agt witrenosters bymekaar gekry.

Met ons volgende besoek het ons vyf renosters tussen Pretoriuskop en Afsaal gesien. Daar was selfs renosters by Satara, op die Gudzani-pad net noord van die Gudzani-windpomp. Tydens hierdie besoek was ons kwota 16 renosters in ses dae.

Dit was werklik heerlik om soveel van die ou grotes te sien. Nou kan ons maar weer 'n paar keer droëbek ry!

*Ben Olivier,*
*Pretoria*

5935

# Meer paaie in Wildtuin

Ek het 'n besondere waardering vir wat die Nasionale Parkeraad oor die jare in die Nasionale Krugerwildtuin bereik het. Ek voorsien egter tans 'n probleem. Akkommodasie word vir meer en meer mense geskep, maar die paaienetwerk bly dieselfde. Kan daar nie meer paaie ontwikkel word nie — klein swak paadjies waar mense wat bereid is om van hierdie paaie gebruik te maak, nog in rus en vrede die natuur kan geniet?


*Inus Laubscher,*
*Senekal*

*Die voorsiening van toeristepaaie in die Nasionale Krugerwildtuin word volgens 'n neergelegde formule bepaal. Hiervolgens word daarna gestreef om die paaienetwerk in ewewig te hou met die uitbreiding van toerismefasiliteite. Die formule bepaal dat daar ongeveer een kilometer pad per motor beskikbaar moet wees in enige omgewing. So is daar byvoorbeeld met die aanbou van die Mopani-ruskamp ook gewerk aan die opstelling van 'n aantal nuwe paaie in daardie omgewing. Daar is egter ook 'n reeks ander paaie wat reeds geoormerk is vir oopstelling aan toeriste en wat besondere geleenthede kan bied vir óf wildbesigtiging óf die besondere natuurskoon van die omgewings waardeur die paaie sal loop. Die grootste beperking in die oopstelling van hierdie paaie bly egter die finansieringskoste vir die bou daarvan. Daar word jaarliks soveel paaie gebou en oopgestel as wat ons beperkte fondse toelaat.*

*Dr S C J Joubert,*
*Uitvoerende Direkteur:*
*Nasionale Krugerwildtuin*

KOWA WILDLIFE SPOTTING SCOPES

Kowa scopes are the finest aids for wildlife watchers. Eye patterns, fur and feather are seen in exquisite detail from hundreds of metres, while sexing and horn examination can be conducted over kilometre distances.
Kowa images are distortion-free and colour-true; focusing is smooth and free of back-lash and the scopes are useable for hours at a time without tiring the eyes.
Interchangeable eyepieces of various magnifications between 15x and 77x are obtainable, as are adapters for cameras and videos.
Eight Kowa scopes range in price between about R600 and R4500.



Colour brochure and the name of your nearest stockist available from:
tasco S.A. (Pty) Ltd
P.O. Box 98078
Sloane Park
2152

Kowa

